

# Gestuur: Maar wat as dit skeefloop?!

1 Petrus 3:13-18

## Inleiding

- Belydenis doen hier binne voor jou mense is maklik
  - Almal dink soos jy en bemoedig jou
- Belydenis doen daar buite voor ander mense is moeilik
  - Nie almal dink soos jy nie,
  - of gaan hou van die manier waarop jy na die lewe kyk nie.
- Om 'n belydende gestuurde te wees, kan jou bang maak
  - Wat moet ek daar buite met my geloof gaan maak? en
  - Hoe gaan vreemde mense met my maak?
- 1 Petrus 3:13-18 praat presies hieroor.
  - Juis met mense wat ook in 'n wêreld was
    - wat nie opgewonde was
    - oor mense wat opgewonde is oor Jesus nie.

[Lees teks]

- Ons gaan nou deur die temas van hierdie verse gesels.
  - Vir praktiese leiding
  - En bemoediging
  - Om as gestuurdes in Vanderbijlpark te bly lewe

## Intimidasie

- Oor die algemeen is mense met jou gaaf as jy iets goeds doen vir hulle:
  - As jy pouse jou broodjies deel of iemand plek gee in die snoepie ry.
  - As jy vir iemand plek in die verkeer gee,
  - of vriendelik is met iemand wat jy sien 'n taai dag het
  
- Maar om die goeie en regte ding te doen of sê, maak nie altyd almal bly nie.
  - As jy nie saam met jou maatjies die stout dinge wil doen wat hulle aanvang nie.
  - Of iets sê oor iemand se verkeerde gedrag
  - Of selfs as jy net mense wil uithelp wat in die knyp is
    - Kan dit soms 'backfire' / ontplof in jou gesig
  
  - Dit is asof mense skaam kan voel dat
    - hulle eintlik verkeerd was
    - of hulp nodig gehad het,
  - en dan kan hulle nogal jou kop af byt!
    - Wie is jy om te dink jy is beter as hulle!
    - En hulle maak dan op een of ander manier lelik met jou.
  
- Ek is seker amper almal hier kan aan so iets in jou lewe dink
  - En dan is 'niks doen' mos beter as om met 'n afkop te sit.
  - "Liewer bang Jan as dooie Jan"
  
- Maar wat dan?
  - Dit sal mos 'n groot krisis wees as almal wat goed wil doen en wees vir Vanderbijlpark,
  - Skrik en eerder ophou!?

- Dis dalk hoekom daar so baie uitdagings in ons land en gemeenskap is
  - Te veel mense skrik en hou dan eenvoudig op

## **Moenie skrik nie**

- Daarom kom vers 14+15 en sê letterlik:  
*“Moenie skrik vir mense se skrikmaak nie en moenie omgekrap word nie. Maar heilig Christus as die Here in julle harte”.*
- Maklik om te sê dat jy nie moet skrik vir mense se skrikmaak nie
  - Dat dit jou nie moet omkrap vir drie dae nie
  - ... maar hoe?
  - Dink onmiddellik in jou hart aan Jesus.
    - Heilig beteken om spesiaal eenkant te sit.
    - Sit Christus spesiaal eenkant in jou hart as jou Here...
      - Jou Meester by wie jy as dissipel lewe gekry het
      - En vir wie Hy wil leer om te lewe
    - Fokus in daardie oomblik net op Jesus Christus
      - en sy genade-liefde vir jou.
- Hoekom dit?!
- Dan sal jy besef dat jy nie waarde verloor
  - omdat die ander mens nie van jou hou nie...
  - of hulle vir jou gaan lag of nie...
  - en of hulle jou wil afskrik of nie...
- sit al jou aandag net op Jesus wat jou bron van waarde en liefde is.
  - Dan gaan dit jou nie so pla as jy dit nie by ander mense kry nie...

- Sien, Jesus maak ons juis daarvan vry om 'n slaaf te wees van
  - ander mense se goedkeuring of aanvaarding,
  - soos wat ons onthou dat ons aanvaarding in Hom het.
- Hierdie is die evangelie
  - wat jou prakties daarvan vrymaak om te skrik vir elke tweede ou se skrikmaak!
- Uit hierdie diep plek in jou hart kry jy krag om
  - deur te druk met opregte vriendelikheid met die knorrige een.
  - Om uit te reik en goed te doen waar jy kan.
- En dan... wees dan gereed as die vrae kom... want hulle sal kom!
  - Mense sal regop sit en vra...
    - “Hoe kan hy/sy aanhou goed doen en vriendelik wees al maak ander lelik”.
    - Want dit is mos net nie hoe die dinge werk nie!
- En dit is hierdie vrae wat dan 'n oop deur is
  - na mense se harte om te vertel van wat in jou hart lewe:
    - 'n genadige liefdevolle Here in wie jou hart alleen vrede kry.
  - Jy hoef dan nie eers met die evangelie in mense se lewens in te wurm nie...
    - hulle sal die vrae vra en die Heilige Gees sal jou lei
    - om te getuig van dit wat die Here in jou lewe vir jou beteken.

- Maar, selfs al kom jy by hierdie punt van gesprek met iemand,
  - kan dinge nog skeef loop...
    - dit kan oor jouself begin gaan en oor hoe oulik jy nou is om die Here so goed te kan dien.
  - Daarom die waarskuwing:
    - antwoord dan met beskeidenheid, 'n nederigheid,
    - en met eerbied vir God.
  - Wees jy self klein en maak God groot.
    - Die aandag weg van jou en op God.
    - Anders mis dit in elkgeval die punt.

## **Jou gewete**

- En dan 'n vreemde ding in vers 16.
  - Sorg dat jou gewete skoon bly.
  - Wat het jou gewete hiermee uit te waai.... als.
- Dit is 'n ander manier om te sê dat jy oor tyd konsekwent moet wees
  - niks moet doen waaroor jy later spyt sou wees nie.
  - Jy moet vasbyt en die tyd uitwag
    - Dat Jesus Christus altyd die enigste een is wie se liefde jou hart rus en vrede het.
- Want, al kry jy die eerste of die tweede keer 'n nare reaksie,
  - behoort die egtheid waarmee jy besig is uiteindelik deur te dring vir mense.
  - Soveel so dat hulle skaam sal wees dat hulle in die eerste plek met jou lelik was.

- Maar.... kan jy nie tog maar op 'n manier
  - die lelik-maak van mense vermy
  - en als net vermy nie?!

## **Hoe moet jy kyk na die lelik maak van mense?**

- Vers 14 en vers 17 verwys hierna. Vers 17 sê:

*"<sup>17</sup>As dit die wil van God mag wees dat julle moet ly wanneer julle goed doen, is dit beter só as om te ly wanneer julle kwaad doen."*

- Dis asof hy wil sê:
  - mense gaan in elk geval langs die pad met jou lelik maak
  - of jy nou goed doen of oorgee en saam kwaad doen
    - hou jy jou mond en word maar deel van die binnekring van die skinderkring dan is dit 'n kwessie van tyd voor hulle ook maar oor jou skinder.
  - jy gaan in elk geval daarmee moet 'deal'
- Jy kan mense se lelikmaak nie vermy nie
  - Laat dit dan eerder gebeur omdat jy goed doen as kwaad

## **Waar kom Petrus aan hierdie raad?**

- Uiteindelik wortel Petrus hierdie raad in Jesus Christus
  - as die beste voorbeeld van iemand wat goed en onskuldig was,
  - gekom het om iets goeds te doen vir slegte en skuldige mense,

- en toe 'n redelik negatiewe reaksie by ons as die mensdom gekry het...
  - ons het nie net sy kop afgebyt of oor hom geskinder nie
  - maar Hom ook doodgemaak.
- Maar daardeur het Hy sy volmaakte liefde vir ons geskilder...
  - Hy is goed vir slegte mense
  - 'n liefde waarin ons harte vrede kan kry en ons op kan fokus
    - in die oomblik wat mense met 'sleg' antwoord op ons pogings tot 'goed'.
- Dis juis wanneer 'goed' aanhou as dit uitgedaag word met 'sleg'
  - dat die 'goed' erken sal word as die egte 'goed'.
- Dis Jesus en dis waarin ek my hart vrede wil laat kry.
  - 'n Goed wat goed is vir my sleg...
    - en dan is ek werklik vry daarvan om nie uit my swakheid te lewe nie
    - maar sy liefde.
- En as ek ander kan help om dit deur my te ontdek
  - Dat hulle ook by Hom kan rus
  - Dan word die wêreld mos 'n beter plek
  - Dan skyn daar al hoe meer lig.

## Slot

- Vandag is al klaar bietjie ongemaklik om jou geloof voor baie te bely
  - Daar buite as gestuurde gaan dit selfs lelik kan raak.

- Mag ons dan:
  - Nie dadelik net vir mense se skrikmaak skrik en ophou nie
  - Maar dadelik weer Jesus as ons Here in ons hart eer
  - En as hulle uitvra oor hierdie vreemde hoop in ons harte
  - Mag ons dan gesels oor wat daarbinne lewe
    - Nederig op 'n manier wat die kollig op Jesus sit
    - Nie jousef nie
  - Hou verder jou kant skoon en volhard, jy weet nie wat later kan gebeur nie
  - En onthou
    - Moenie die fout maak om te dink jy kom weg van mense se lelik deur
      - Stil te bly
      - En in te smelt nie
    - Hulle maak ook met mekaar lelik
  
- Mag Jesus ons so gebruik om ander na God toe te bring as sy gestuurdes,
  - Want dis presies hoe Hy ons na God toe gebring het
  - Hy het nie vir ons geskrik nie
  - En daarvoor bewonder en volg ons Hom dankbaar!

**Amen**

Griffel van Wyk  
Trinitas  
Belydenisaflegging  
20 November 2016